VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

2 Aug **Brechtje Jooste.** Wyk 19
4 Aug **Santa Meyer.** Wyk 3
5 Aug **Doane Vorster.** Wyk 18
7 Aug **Adriaan Chambers**. Wyk 6

Die spesiale kollektes in Augustus 2021 gaan vir:

Sondag	1 Augustus	**Emeritaatsfonds**
Sondag	8 Augustus	Emeritaatsfonds
Sondag	15 Augustus	GKSA Sustentasiefonds
Sondag	22 Augustus	Deputate Jeugsorg
Sondag	29 Augustus	Teologiese Studentekas

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

Die Kerkblad

Ons vra weer u ondersteuning vir Die Kerkblad. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van soveel intekenare as moontlik. Lidmate wat graag wil inteken, kan met Prof Callie of Piet Aartsma skakel. Intekengeld vir 11 uitgawes per jaar is R323 vir die harde kopie en R135 vir die elektroniese kopie. Daar is ook enkele gratis kopieë van vorige uitgawes beskikbaar vir lidmate wat belangstel en dan besluit of u wil inteken.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 28 Sondag 1 Augustus 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 3 **vakant** en wyk 4 **Koos Roos.**
Diakens: Wyk 3 **Rudy van der Spoel** en wyk 4 **AJ van Niekerk.**

EREDIENSTE Oggend Teologiese Student Quintin Venter; aand ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30: EREDIENSTE OOK PER WHATSAPP

Ons verwelkom vanoggend Quintin Venter, lidmaat van die gemeente, wat vandag sy eksamenpreek in Nuwe Testament voor die gemeente sal aflê. Ons verwelkom ook sy eksaminatore, proff. Henk Stoker en Johannes Smit wat die direkte uitsending sal volg. Ons bid Quintin die seën van die Here op sy eksamenpreek vandag en ook op sy verdere studies toe.

Woordbediening: Matteus 13: 1 - 9; 18 - 23.
Fokusverse: Matteus 13: 8, 9, 23.
Sing: Psalm 95: 1, 4; Psalm 119: 5, 7, 43; Psalm 33 5, 6;
Psalm 139: 1, 2, 12; Skrifberyming 43: 4, 5, 6 (Tema 15 – 7).

Aanddiens om 18:00 ***waargeneem deur ds. Jannes van Dyk***
Woordbediening: Matteus 6:1 - 13 (AFR'20).
Fokusverse: Matteus 6:9(b).
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 47.
Sing: Psalm 8:1, 3, 4, 7; Psalm 22:9, 10; Psalm 145:1, 4, 10, 12.

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die eredienste u masker te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

Dienswerk van die Woordbedienaars Met die verligting van die inperkingsmaatreëls sal prof. Callie en ds. Jannes se werksaamhede nou weer normaal voortgaan. Al die ander gemeentelike aktiwiteite soos wat dit vóór die verskerpte inperking plaasgevind het, sal ook weer voortgaan.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Emeritaatsfonds*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

LIEF EN LEED

Jeanette Fourie is uit die hospitaal ontslaan en sterk tans aan by 'n verpleegsuster. Ons dank ons hemelse Vader vir sy genade dat die operasie goed afgeloop het, en bid haar sterkte toe vir die herstelproses.

Magda Opperman het weer geval en haar arm gebreek. Ons dink aan haar en Flippie in ons gebede.

Ons doen voorbidding vir **Sonja Venter** wat Dinsdag 'n operasie aan haar knie in die Medikliniek sal ondergaan. Mag ons Vader die prosedure seën.

Ons het verneem dat **Japie van Jaarsveld** se pa, Japie (snr) opgeneem is met Covid. Ons bid dat ons troue Verbondsgod daar spoedige genesing sal gee.

Heinrich Eybers, die swaer van **prof Callie en Susan** is 23 Julie oorlede. Die troosdiens is Vrydagoggend vanuit ons kerkgebou gehou en is waargeneem deur prof Callie. Mag ons hemelse Vader sy dierbares ryklik vertroos in hierdie tyd.

Een van ons jonger broers is besig met 'n diplomakursus in finansiële- en kantoorbestuur. Hy het reeds modules verwerf in rekeningkunde (tot proefbalans, insluitend KJ, DJ, bankversoening en ander). Daar is ook regsmodules, en modules in kantoorpraktyk en ondernemingsbestuur wat hy DV sal voltooi. Finansies om sy studies af te handel, is skraps en as u bewus is van enige vakante betrekkings in hierdie veld, kontak asseblief vir ds. Jannes 072 224 7181.

VAN ONS KERKRAAD

BYBELSTUDIES

Di	3/08	15:00	Huis Eikelaan	Prof. Callie
		18:20	Jeugkamer	Vrae oor die doop
Do	5/08	09:30	Kerkkantoor	Handelinge 5:17-42
		18:30	Kontak: Virtueel	Paul Krüger 076 993 3775 of Frieda Theron 078 324 5267

Katkisasie

			Vandag 1 Augustus	Sondag 8 Augustus
Lesrooster:			Les 12 en Sondag 12	Les 13 en Sondag 13
Psalmvers:			Psalm 19: 2	Psalm 21:1
Katkisasie toesig:			Ouderling Wyk: Graad 0 Ouderling Wyk: Graad 1, 2	Ouderling Wyk: Graad 3,4 Ouderling Wyk : Graad 5,6
Wo	4/08	14:30	2021 Belydenisklas	HK Sondag 11 & 12 (vervolg)
		15:30	Graad 8, 9 katkisasie	Les 9
Do	5/08	15:00	2020 Belydenisklas	HK Sondag 50-52 (#1)

Dag van verootmoediging

Klassis Potchefstroom roep kragtens KO art 66, na aanleiding van 'n versoek van die GK Randburg, al die kerke in die GKSA tot 'n dag van verootmoediging en gebed op **Sondag 15 Augustus 2021** op.

Die motivering vir die dag is soos volg:

1. Die Covid-19 pandemie wat die wêreld geruk het en ook in Suid Afrika en Namibië die GKSA diepe hartseer veroorsaak het.

2. Die ongebreidelde kriminaliteit en plundery van winkels en infra-struktuur wat Suid Afrika die afgelope tyd teister. Voorbidding word veral gedoen vir die gemeentes en gemeenskappe in KZN en Gauteng wat intens hierdeur geraak is.

3. Stryd teen misdaad, ekonomiese bemagtiging van groot dele van die bevolking, tussen-etniese versoening en verbetering van owerheidsdienste en handhawing van wet en orde.

4. Dank vir milde reën oor groot dele van die land, maar ook 'n smeking vir genoeg reën vir droë gebiede soos dele van die Oos-Kaap en die Noord-Kaap is nodig.

5. Groter respek vir die skepping en die stryd teen uitbuiting van die natuur.

Allereers, en voor enige gebedsversoeke, gaan dit oor lof aan God vir Sy genade jeens die sondige mensdom, en diepe verootmoediging en bepleiting van ons sondeskuld op grond van Christus se eenmalige kruisoffer.